

Nuwe boeke

Albertus D. Keet. 1993. *The pyloric sphincteric cylinder in health and disease*. Springer Verlag, New York, Berlin, Heidelberg, 413 pp., prys nie vermeld nie.

Hierdie monografie is een van die bestes wat ek ooit die voorreg gehad het om te lees. Daar bestaan nie 'n enigszins vergelykbare boek oor hierdie onderwerp nie. 'n Mens moet dit letterlik soos 'n roman lees. Dit doen nie afbreuk aan die baie hoë akademiese standaard nie.

Die skrywer het die bestudering van die onderwerp 'n lewenstaak gemaak, en is reeds sedert 1946 op voorgraadse en nagraadse vlak daarmee besig.

Hy het reeds 'n magister- en 'n doktorsgraad vir 'n deel van hierdie navorsingswerk ontvang. Alhoewel hy as radioloog gepraktiseer het, is sy fenomenale kennis van fisiologie, anatomie, patologie en selfs chirurgie indrukwekkend.

Die skrywer het hom nie net tot fisiologiese insigte beperk nie, maar die anatomie en patologie van die maag volledig bestudeer.

In die eerste hoofstukke, wat oor fisiologie en patologie handel, word die grondbeginsels van hormone en elektriese polarisasie in fyn besonderhede bespreek.

Indien 'n mens hierdie basiese agtergrond nie versigtig lees nie, is die toepassing in latere hoofstukke nie net moeiliker nie, maar baie minder interessant.

Die begrip antrumsilinder of -buis of -opening is baie meer toepaslik as sluitspier of sfinkter.

Aan die einde van elke hoofstuk is daar 'n besprekingsparagraaf wat die hele onderwerp van die hoofstuk saamvat. Vir akademiese redes kan 'n haastige leser net hierdie diskussies lees, maar hy sal homself veronreg, omdat die voorafgaande logiese uiteensetting woord vir woord gelees moet word om die gevolgtrekkings nie net te verstaan nie, maar beter te waardeer.

Enige chirurg, gastroloog of internis wat aangeneem het dat radiologiese ondersoeke van die maag outyds is, kan baie leer deur hierdie boek te lees.

Versigtige radiologiese ondersoeke kan met enkele beelde tien of meer gevolgtrekkings van direkte of indirekte belang aantoon.

Chirurge wat so maklik van Torgersen se spier en van Latarjet se senuwee praat, moet hierdie boek lees om net hierdie twee eenvoudige terme te verstaan.

Patologiese toestande soos infantiele hipertrofiëse pilorostenose en volwasse hipertrofiëse pilorostenose, pseudodivertikels in die pilorus, dubbele pilorus en veral prolaps van normale maagslymvlies in die duodenum kan nie net radiologies beter gediagnoseer word nie, maar is dikwels die enigste manier om hierdie toestande aan te toon. Die skrywer se insig van al hierdie normale en patologiese toestande, met al die moontlike hulpmiddels tot sy beskikking ondersoek, is op datum tot en met 1992 en 1993.

Deur dié boek kon ek die begrip gastritis van die antrum vir die eerste keer regtig redelik verstaan. Dit kom in 50% van sogenaamde normale mense voor, en die insidensie verhoog na 99% in pasiënte met duodenale ulserasie.

Die skrywer se kennis, insig en gastroënterologiese toepassing is so wyd, so presies, en met soveel toewyding nagevors dat hierdie 'n monumentale, onoortreflike stuk werk is.

Die kort hoofstukke oor karsinoom in die piloriese silinder - en om dit te onderskei van maligne limfoom, eosinofiele granuloom, verbrandingstiktore en Tuberkulose wat almal skaars toestande is - maak hierdie boek al klaar die moeite werd.

Die monografie bevat 155 figure en 7 tabelle. Na elkeen van die nege-en-dertig hoofstukke is daar 'n lang verwysings- en bronnelys.

Selfs in die huidige ekonomiese klimaat is geen prys vir hierdie monografie te hoog vir enige geneesheer, fisioloog of patoloog wat dikwels met maagpatologie te doen het nie.

J.S. LOUBSER

Toekomstige byeenkomste

• JAARVERGADERING VAN DIE SA AKADEMIE

Die algemene jaarvergadering van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns word van Woensdag 22 Junie 1994 tot Vrydag 24 Junie 1994 by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein gehou. Die hoofitema is *In die begin*. Die volgende referate sal gelewer word:

- 23 Junie 14:00 - 14:40 Die ontstaan van die heelal en lewe
- *dr. Louw Alberts*
- 15:50 - 16:30 Die ontstaan van die mens en rasse
- *dr. J.F. Durand*
- 19:30 - 20:10 Die ontstaan van godsdiens: godsdiensvryheid en godsdiensgelykheid
- *prof. D. Crafford*
- 24 Junie: 08:30 - 09:10 Die ontstaan van staatkundige stelsels
- *prof. F. Venter*
- 10:20 - 11:00 Die ontstaan van Afrikaans
- *prof. F. A. Ponelis*
- 11:50 - 12:30 Die ontstaan van ekonomiese stelsels
- *dr. C.L. Stals*

Alle belangstellendes word uitgenooi om die referate by te woon.

• AFDELING GENEESKUNDE

TAK SIMON VAN DER STEL - BYEENKOMSTE VAN 1994

- 27 Julie: Prof. J.H. Spies -
"Demografiese toekoms van die Wes-Kaap."
- 10 Augustus: Algemene jaarvergadering en simposium oor "Die toekoms van die Tak Simon van der Stel" (net vir lede).

TAK EUGÈNE NIELEN MARAIS - BYEENKOMSTE VAN 1994

- 25 Mei: Gedenklesing oor "Insekte en die Mens."
19 Augustus: Jaarlikse dinee en 'n lesing oor kuns.

• AFDELING BIOLOGIE

Die jaarkongres van die Afdeling Biologie vind op 21 en 22 Junie 1994 in Bloemfontein plaas.

Navrae: dr. Annemarie Oldewage,
Dept. Dierkunde, RAU, Posbus 524, Aucklandpark, 2006.

Tel: (011) 489-2449.

Faks: (011) 489-2411.

Errata

Jaargang 12, no. 4, Desember 1993

bl. 87-102 bo-aan: verander no.3 na no. 4

bl. 102: voeg in na Vermaak, R. en W. van Hoven.
Vermeulen, P. J. en J. A. Snyman. Die bepaling van die kragverspreiding in die drakabel van 'n sweefspoor: 3,55.
